
Gandhi het in 1915 na Indië teruggekeer. Koerante dwars oor die wêreld het verslag gedoen oor sy werk in Suid-Afrika en toe hy by die huis kom, was hy 'n nasionale held. Gedurende sy eerste jaar terug in Indië is die titel "Mahatma" aan Gandhi toegeken. Dit beteken "Groot Siel". In Indië was daar baie ongelykheid tussen mense. Gandhi het die leiding geneem om die swakkes en onderdruktes te help. Hy het hom ook beywer vir die bevryding van Indië onder Britse bewind. Hy het begin deur protesoptogte teen Britse belasting en grondeienaars te lei, en hy het selfs deur Indië gestap en mense aangemoedig om nie hul samewerking aan die Britte te gee nie. Die Britse owerhede het Gandhi in hegtenis geneem en in die tronk gesit. Hy het egter gedink dis eerbaar om vir hierdie saak in die tronk te wees, want dit het beteken dat hy vir die waarheid opstaan.

Die meeste Indiërs was Hindoes. Die Moslems in Indië was bekommerd dat hulle geen politieke mag sou hê indien Indië onafhanklik van Brittanje raak nie. Dit het tot geweld tussen Hindoes en Moslems gelei. Gandhi het begin vas en gesê hy sal nie eet voor die geweld ophou nie. Mense was bekommerd, want Gandhi was oud en verswak en hulle het gedink die vas gaan sy einde beteken. Daarom



Die regering het Gandhi talle male in die tronk gesit.